# DIE ONTWIKKELING VAN DIE KANTOOR VAN DIE STAATSEKRETARIS VAN DIE Z.A.R. — MET SPESIALE VERWYSING NA DIE FUNKSIES EN ORGANISASIE VAN DIE KANTOOR

*Agtergrondsgeskiedenis.*

Die eerste Voortrekkers het die Transvaal in 1836 binnegedring op hul trek na die noordelike dele. Maar dit was slegs enkelinge soos Trichardt en Van Rensburg.[1]

Die eerste gevestigde nedersetting van Voortrekkers in die Transvaal is, sover nagegaan kon word, die Maatskappy van Potchefstroom wat reeds in 1838 aan die walle van die Mooirivier en omliggende landstreke gevestig was.[2] Dit was egter eers na die Britse anneksasies van Natal dat meer Voortrekkers hulle in die Transvaal gaan vestig het.[3] Met die Volksraad van Potchefstroom (1844-1845)[4] word daar vir die eerste keer 'n meer definitiewe staatsvorm vir hierdie nuwe landstreek geskep, en in 1849 ontwikkel die Volksraad van die Z.A.R. na jare van gestadige groei en eksperimentasie.

Also is dit dat die Volksraad die oudste staatsinstelling in die Z.A.R. is.

Om die ontstaan en ontwikkeling van die Kantoor van die Staatsekretaris in die regte perspektief en in sy geheelbeeld te sien, is dit allereers noodsaaklik om die regeringsvorm van die Z.A.R. na te gaan soos dit in die verskillende grondwette neergelê is. Dan eers kan die funksies van hierdie kantoor op die deduktiewe metode afgelei word, want in geen Grondwet, Volksraadsbesluit of Uitvoerende Raadsbesluit word dit spesifiek neergelê.

Die gemis aan 'n effektiewe landsadministrasie is reeds in die beginjare van die Z.A.R. gevoel. Weliswaar was daar die Volksraad wat wetgewend en die hoogste gesag in die land was, maar sy hande was gebind omrede hy ook nie nog die talryke uitvoerende funksies kon behartig nie. Dit het dus in die skoot van die Volksraad gelê om die instrument te skep waarmee hierdie doelwit verwesenlik kon word.

In 1855 en 1856 is „grondwette"[5] aangeneem wat voorsiening gemaak het vir 'n Wetgewende Mag of Volksraad, 'n Uitvoerende Mag genoem die „Staatsraad" asook 'n Regtelike Mag. Maar daar was blykbaar nooit uit-

1. Punt, W. H. J.: *Louis Trichardt se laaste skof*, pp. 20-21. (J. L. van Schaik Bpk., Pretoria. 1953.)
2. Goldman, P. I. A.: *Beredeneerde Inventarissen van de Oudste Archief-groepen der Zuid-Afrikaanse Republiek*, p. 138. (Staatsdrukkery, Pretoria. 1927.)
3. Botha, P. R.: *Die Staatkundige Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek onder Kruger en Leyds, Transvaal 1844-1899, Deel I*, p. 1. (Swets & Zeitlinger, Amsterdam. 1926.)
4. *Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel I (1844-1850)*, pp. xxii-xxvi.
5. Dit was eintlik besluite van 'n Kommissieraadsvergadering.

voering aan hierdie „grondwette" gegee nie.[6] 'n Soortgelyke „grondwet" het in 1857 in werking getree toe 'n Uitvoerende Raad bestaande uit 'n Staatspresident, twee „Staatsraden" en 'n Goewermentsekretaris verkies en later ingesweer is.[7]

Die Grondwet van 1858 en die daarnakomende Grondwette van die Z.A.R. het bepaal dat die Volksraad wetgewend van aard en die hoogste gesag in die land is. Die Uitvoerende en Regterlike Mag was aan die Volksraad onderworpe.[8]

Die Uitvoerende Mag het by die Staatspresident berus;[9] hierin sou hy bygestaan word deur 'n Uitvoerende Raad.[10] In die Grondwet van 1858 word daar spesifiek neergelê dat die volk die voorstelling en uitvoering van die wette aan die Uitvoerende Raad opdra.[11]

Die Staatspresident het sekere funksies en pligte gehad om te vervul, bv. die reëling van die landsbestuur; die uitvoering van wette of besluite van die Volksraad; afkondiging van wetsontwerpe, gepasseerde wette en Volksraadsbesluite in die Staatskoerant; die voorstelling of wysiging van nuwe en bestaande wette; die byeenroeping van die Volksraad; reëlings tref vir verkiesings; die indiening van 'n jaarverslag oor die verrigtinge van die afgelope jaar asook 'n Begroting van Inkomste en Uitgawes; ook moes hy verslag doen oor aangestelde en ontslane amptenare.[12]

Bogemelde funksies en pligte is in die verskillende grondwette vasgelê. Die funksies en pligte van die Uitvoerende Raad word nêrens so spesifiek neergelê as in artikel 13 van die Grondwet van 1858 nie. Aangesien alle grondwette bepaal dat 'n Uitvoerende Raad die Staatspresident moet bystaan in die uitoefening van sy Uitvoerende Mag, is gemelde presidensiële funksies en pligte *ipso facto* ook die verantwoordelikheid van die Uitvoerende Raad.[13]

Aanvanklik het die Uitvoerende Raad uit vier lede bestaan, t.w. die Kommandant-Generaal, twee stemgeregtigde burgers en 'n sekretaris wat terselfdertyd die Goewermentsekretaris was.[14] Dié ledetal het met loop van jare vermeerder.

Die vernaamste funksie van die Uitvoerende Raad was om sorg te dra dat nadat hulle wette en Volksraadsbesluite bekend gemaak het, dit na letter en gees uitgevoer word.[15] Ook moes die Uitvoerende Raad die Staatspresident bystaan met die reëling van die Republiek se bestuur,[16] m.a.w.

6. Goldman: *op. cit.*, p. 157. Vgl. ook *Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel III (1854-1858)*, p. 139.
7. R. 1266b/57. (S.S. Band 14.)
8. Vgl. bv. Grondwet 1858 art. 12 en Grondwet 1888 art. 26.
9. Josson, Maurits: *Schets van het Recht van de Zuid-Afrikaansche Republiek*, p. 75, 77 en 79. (Gent. 1897.)
10. Gey van Pittius, dr. E. F. W.: *Staatsopvattinge van die Voortrekkers en die Boere*, p. 30. (J. L. van Schaik Bpk., Pretoria. 1941.)
11. Grondwet 1858 art. 13.
12. Goldman: *op. cit.*, pp. 189-190. Vgl. ook die bepalings in die verskillende Grondwette.
13. Josson: *op. cit.*, pp. 77-79.
14. Grondwet 1858 art. 85.
15. *De Volksstem*, d.d. 26 Julie 1888.
16. Josson: *op. cit.*, p. 76.

met die Staatspresident se funksies en pligte. Oor diesulke aangeleenthede het die Uitvoerende Raad besluite geneem wat dan deur die Regering uitgevoer moes word.

Die Regering het bestaan uit die Staatspresident en die Staatsekretaris.[17] Dit dus met reg gesê word dat die Regering die vernaamste samestellende deel van die Uitvoerende Raad was.[18]

In 1895 het pres. Kruger 'n uitleg gegee oor die verhouding tussen die Regering en die Uitvoerende Raad: „De Uitvoerende Raad is de uitvoerder van Volksraadsbesluiten en de Regering is als het ware weer de uitvoerder van de besluiten van den Uitvoerende Raad."[19]

Die Regering het egter nie self die besluite van die Uitvoerende Raad uitgevoer nie, maar dit gedoen d.m.v. die Kantoor van die Regering, die sogenaamde Kantoor van die Staatsekretaris.[20]

Die funksies van die Staatsekretaris as persoon was dus drieledig: eerstens was hy die sekretaris (later *ex officio* lid[21]) van die Uitvoerende Raad, tweedens het hy saam met die Staatspresident die Regering uitgemaak en derdens was hy die amptenaar wat aan die hoof was van die Kantoor van die Staatsekretaris.

*Funksies van die Kantoor van die Staatsekretaris.*

Aangesien die funksies van die Kantoor van die Staatsekretaris nêrens spesifiek neergelê is nie, kan dit uit die voorgaande staatsbedeling van die Z.A.R. afgelei word. Hierdie funksies van die Kantoor van die Staatsekretaris was tweeledig van aard.

Die direkte funksie van die Kantoor van die Staatsekretaris was *uitvoerend* van aard:

Die Kantoor van die Staatsekretaris moes die Uitvoerende Raadsbesluite wat *via* die Regering aan hom opgedra word, uitvoer. Byvoorbeeld Volksraadsbesluite waaraan uitvoering gegee moes word, is aan die Uitvoerende Raad opgedra. Die besluite van die Uitvoerende Raad oor hoe hierdie Volksraadsbesluite uitgevoer moet word, is dan na die Regering verwys. Die instrument van die Regering om uitvoering hieraan te gee, was die Kantoor van die Staatsekretaris.

Aangesien die Uitvoerende Raad die Uitvoerende Mag met sy funksies en pligte moes bystaan, is daar ook besluite oor die uitvoering hiervan geneem. Weereens was dit die Kantoor van die Staatsekretaris wat dit moes uitvoer. So was dit dat die Kantoor van die Staatsekretaris die reëlings vir algemene verkiesings moes tref; verantwoordelik was vir die opstel van

17. Smit, F. P.: *Die Staatsopvattinge van Paul Kruger*, p. 306. (Ongepubliseerde verhandeling, Universiteit van Pretoria. 1947.)
18. Ter stawing van hierdie bewering is die bepaling dat alle Uitvoerende Raadsbesluite deur beide die Staatspresident en die Staatsekretaris onderteken moes word. Vgl. ook Grondwet 1858 art. 88 en Grondwet 1896 art. 112.
19. E.V.R. Notule 1895 art. 393.
20. Goldman: *op. cit.*, p. 191. Dus het die administratiewe mag of inlandse bestuur sy gesag ontleen van die Uitvoerende Raad en direk onder die bevele van die Staatspresident en die lede van die Uitvoerende Raad gestaan. Vgl. Grondwet 1858 art. 171 en Grondwet 1896 art. 160.
21. *Staatsalmanak der Zuid Afrikaansche Republiek voor het jaar 1894*, p. 40.

algemene jaarverslae sowel as van Begrotings van Inkomste en Uitgawes; departementele jaarverslae moes verkry vir voorlegging aan die Volksraad;[22] die aanstellings en afdankings van die amptenare moes beheer; ens. Gevolglik het die werksaamhede van die Kantoor van die Staatsekretaris die algehele administrasie van die land behels.

Die indirekte funksie van die Kantoor van die Staatsekretaris kom neer op die feit dat hierdie kantoor die *skakelwerk* tussen die Uitvoerende Raad met die Volksraad, die Regterlike Mag, amptenary en bevolking verrig het:

Alle onderhandelinge van die Uitvoerende Raad met gemelde instansies het d.m.v. die Regering of liewers die Kantoor van die Regering, die sogenaamde Kantoor van die Staatsekretaris, gegaan. Alle sake of kwessies wat deur die Uitvoerende Raad behandel moes word, is deur die Kantoor van die Staatsekretaris vir die oorweging en behandeling van die Uitvoerende Raad voorgelê. En die besluite wat die Uitvoerende Raad hierop neem, gaan dan weer na die Kantoor van die Staatsekretaris vir verdere afhandeling.[23] So ook moes alle besluite wat op die Uitvoerende Mag betrekking het, deur die Kantoor van die Staatsekretaris onder die Regering se aandag gebring word.[24]

Die Kantoor van die Staatsekretaris was dus die belangrikste departement in die Z.A.R. en was inderwerklikheid die skakel tussen die Volksraad en die Regering en die volk. Dit was die uitvoerder van die besluite van die Volksraad, die Uitvoerende Raad en die Regering.[25]

*Organisasie van die Kantoor van die Staatsekretaris.*

Die Kantoor van die Staatsekretaris was aanvanklik die enigste departement in die Z.A.R. Gevolglik moes hierdie kantoor al die werksaamhede van die Staat behartig. Die stigting van die Kantoor van die Staatsekretaris dateer terug tot 6 Januarie 1857 toe die eerste Goewermentsekretaris, Jan Visagie, die ampseed afgelê het.[26]

Eers in 1873 is die benaming Goewermentsekretaris tot Staatsekretaris verander.[27]

Die Staatsekretaris is deur die Volksraad vir 'n tydperk van vier jaar verkies.[28] Hy was regstreeks aan die Volksraad verantwoording verskuldig.[29] By aftreding was hy weer verkiesbaar. Hy moes aan die vlg. vereistes voldoen: lidmaat van 'n Protestantse Kerk wees, geen onterende vonnis ondergaan het nie, vaste eiendom in die Republiek besit en alreeds die ouderdom

22. R. 3759/94 (S.S. Band 4204) as voorbeeld.
23. Goldman: *op. cit.*, p. 191.
24. Goldman: *op. cit.*, p. 161.
25. Botha, C. Graham: *The Public Archives of South Africa 1652-1910*, p. 67. (Cape Times Ltd., Kaapstad. 1928.)
26. R. 1266b/57. (S.S. Band 14.)
27. V.R.B. 31 Mei 1873 art. 59. Vgl. ook *Staats Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, 3 Junie 1873, p. 1.
28. Gey van Pittius: *op. cit.*, p. 31.
29. Botha, P. R.: *op. cit.*, p. 17.

van 30 jaar ten tye van sy verkiesing bereik het.[30] In 1888 was daar ook sprake dat hy 'n gepromoveerde regsgeleerde moes wees.[31]

Aangesien die Kantoor van die Staatsekretaris al die uitvoerende werksaamhede van die Staat moes behartig, moes die organisasie daarna gereël word. Met verloop van jare was die werksaamhede van die Kantoor van die Staatsekretaris so uitgebrei dat daar bv. in 1866 oorgegaan is tot die stigting van 'n departement van die Ouditeur-Generaal,[32] en in 1877 tot die stigting van die departemente van Krygswese[33] en Naturellesake[34] onderskeidelik. In 1896 het daar alreeds 15 departemente bestaan.[35] Gevolglik val meeste dokumente van hierdie departemente — tot ten tye van hul stigting — onder die dokumenteneerslag van die Kantoor van die Staatsekretaris.

Aangesien die Kantoor van die Staatsekretaris die hoofregeringskantoor was en belas was met die algemene administrasie van die land, was ander departemente ondergeskik aan hom. Hierdie prioriteitsposisie het meegebring dat alle departementele jaarverslae na hierdie kantoor gestuur is, terwyl alle aanstellings en afdankings van amptenare ook deur hierdie Kantoor gegaan het. Die Kantoor van die Staatsekretaris was ook verantwoordelik vir die opstel van jaarverslae en die gereedmaking van Groenboeke en Staatsalmanakke.

Dog die stigting van meer departemente het nie veel gehelp om die werksaamhede van die Kantoor van die Staatsekretaris te verlig en meer doeltreffend te maak nie. Gevolglik is die Kantoor van die Staatsekretaris mettertyd in drie afdelings gesplits, t.w. Binnelandse Sake, Buitelandse Sake en Kabinet. Die afdelings Binnelandse Sake en Buitelandse Sake dateer vanaf Augustus 1894.[36] In 1897 word daar vir die eerste keer melding gemaak van die Kabinet,[37] wat as 'n spesiale afdeling van die Regering beskou kan word.

Die werkkring van die Staatsekretaris as hoof van die Kantoor van die Staatsekretaris was dus baie uitgebrei. In die afdelings Binnelandse Sake en Buitelandse Sake was hy bygestaan deur twee onderstaatsekretarisse, elkeen aan die hoof van 'n afdeling,[38] terwyl 'n sekretaris aan die hoof van die afdeling Kabinet was.[39]

Die dokumenteneerslag van die Kantoor van die Staatsekretaris bestaan gevolglik uit drie groepies binne een argiefgroep:

(a) Binnelandse Sake.
(b) Buitelandse Sake.
(c) Kabinet.

30. *Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor het jaar 1894*, p. 40.
31. *Historiese Studies, Desember 1945*, p. 223. Stawing van hierdie stelling kon egter nêrens opgespoor word nie.
32. *Staats Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, 7 November 1866.
33. *Staats Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, 7 April 1877, Goewermentskennisgewing nr. 594.
34. Vgl. *Inventaris van die Argief van die Superintendent van Naturelle, Z.A.R.*, p. 2.
35. Josson: *op. cit.*, pp. 81-86.
36. E.V.R. Besluite 29 Augustus 1893 art. 1213. Vgl. ook R. 8576/94.
37. *Staats-almanak der Zuid Afrikaansche Republiek voor het jaar 1897*, p. 41.
38. Josson: *op. cit.*, p. 81.
39. *Staats-almanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor het jaar 1897*, p. 41.

Heelwat dokumente van die afdelings Buitelandse Sake en Kabinet berus egter nie in die Argief van die Kantoor van die Staatsekretaris nie. Hierdie stukke word in die dr. W. J. Leyds-Archief teruggevind.[40] Ook het daar heelwat stukke van die afdeling Kabinet — wat uit geheime regeringsdokumente bestaan het — verlore gegaan. Gedurende die Anglo-Boere Oorlog ten tye van die opmars van lord Roberts wou die Regering hierdie konfidensiële dokumente ten alle koste in veiligheid bring.[41] In Mei 1900 is ses kiste, wat gepak is deur die Sekretaris van Geheime Diens in Pretoria, na Lydenburg geneem. Slegs drie kiste het oor die grens gekom en dr. Leyds veilig in Holland bereik.[42] Daar word vandag veronderstel dat die Retief-Dingaan traktaat in een van die kiste was wat verlore geraak het.

Nieteenstaande hierdie leemtes is die dokumenteneerslag van die Kantoor van die Staatsekretaris 'n baie goeie weerspieëling van die funksies en organisasie van die kantoor.

Die stelsel wat feitlik deurgaans op die dokumente in die Kantoor van die Staatsekretaris toegepas is, was die *dossierstelsel.* Elke inkomende dokument is in 'n omslag geplaas; in hierdie lêer is ook kopieë van uitgaande stukke bewaar. Die interne volgorde van die lêers is soos volg: Alle opmerkinge deur die betrokke instansies is op die eerste deel van die lêeromslag geskrywe; as hierdie ruimte nie voldoende was nie, is los bladsye ingevoeg[43] wat in volgorde genommer is.[44] Hierna is afskrifte van uitgaande stukke geplaas en heel laaste in die lêer word die inkomende stukke aangetref. Gevolglik sal die dokument wat die jongste datum dra, eerste in die lêer wees.

In die beginjare van die Kantoor van die Staatsekretaris is daar egter van die brieweboekstelsel gebruik gemaak, met die gevolg dat daar geen kopieë van uitgaande stukke tussen die inkomende stukke aanwesig is nie. Diesulke uitgaande stukke kan egter in die verskillende brieweboeke opgespoor word.

Alle inkomende stukke is voorsien van 'n R-nommer wat numeries is. Op die inkomende stukke van elke jaar bestaan daar 'n numeriese register; 'n alfabetiese indeks op persone is terselfdertyd bygehou.

Waar lêers deur die Kantoor van die Staatsekretaris na 'n ander departement of afdeling verwys is, is hierdie stap in 'n Kontroleregister vir die betrokke jaar aangetoon. Omdat sommige departemente die lêers wat aan hulle uitgeleen is, nie terugbesorg het nie en dit gevolglik vertraging veroorsaak het, het die Kantoor van die Staatsekretaris 'n omsendbrief hieroor uitgereik.[45] Wanneer een R-lêer by 'n ander gevoeg is, is die stap ook in die Kontroleregister genoteer. Byeenvoeging van minute wat op dieselfde

40. Vgl. *Inventaris van die dr. W. J. Leyds-Archief.*
41. Leyds, dr. W. J.: *Derde Verzameling (Correspondentie 1900), Deel* I, p. xix. ('s-Gravenhage. 1931.)
42. Ou Argieflêer T.A. 17/24.
43. *Instructies voor het Departement van Inspectie der Zuid-Afrikaansche Republiek... Gecodificeerde Instructies,* C.B. 46/81.
44. *Gecodificeerde Instructies,* C.B. 32/96.
45. *Gecodificeerde Instructies,* C.B. 12/91.

aangeleentheid betrekking het, mog slegs deur die Kantoor van die Staatsekretaris teweeggebring word en nie deur ander departemente nie.[46] Die Kontroleregisters het dus vandag nog die nut dat hulle aantoon waar 'n betrokke lêer gevind kan word as dit nie op sy regmatige plek is nie.

Ingevolge 'n besluit van die Uitvoerende Raad moes die Kantoor van die Staatsekretaris regulasies opstel oor hoe offisiële korrespondensie aan hierdie kantoor moet geskied.[47] Reeds in 1881 is 'n omsendbrief uitgereik wat op 'n eenvormige korrespondensiestelsel gemik was. Aan die linkerkant van dokumente moes voldoende ruimte oopgelaat word vir inbinding. Alle R-nommers moes met rooi aangemerk word en ander kantore moes na hierdie nommers verwys.[48] Die R-nommer is met rooi ink aangebring sodat daar onderskei kon word van ander departemente wat ook hulle dokumente genommer het.[49]

Die feit dat die Kantoor van die Staatsekretaris spesiaal omsendbriewe uitgereik het oor 'n eenvormige korrespondensiestelsel en die versorging van die kantoor se dokumente, is 'n aanduiding van die belangrikheid van hierdie kantoor se rekords vir 'n effektiewe administrasie van die land.

Na die Eerste Vryheidsoorlog het die rekords van die Kantoor van die Staatsekretaris omvangryker geword. Ook as gevolg van die snelle ontwikkeling van die Witwatersrandse goudvelde in 1887 het die werksaamhede van die staatsdiens — en daarmee van die Kantoor van die Staatsekretaris — baie vermeerder en uitgebrei.[50]

In 1887 het die Staatsekretaris twee amptenare, T. J. Krogh en F. C. Stiemens,[51] benoem om die dokumente van die Kantoor van die Staatsekretaris na kantoorure te orden.[52] As gevolg van hulle werksaamhede is die oudste stukke in die Republiek byeengebring, georden en ingebind en dié bande — aangedui en algemeen bekend as S.S. — vorm die eerste deel van die reeks dokumente van die Kantoor van die Staatsekretaris. Dié stukke strek vanaf 1829-1849 en is dus, met uitsondering van 'n klein negetal uit die eerste paar jaar van die Z.A.R., afkomstig uit die periode van die Groot Trek.

Tydens die rangskikking in 1887 is op elke stuk die letter R en 'n volgnommer aangebring want uit die aard van die saak was hierdie eerste dokumente ongenommer. R. 1/29 dui derhalwe aan dokument nr. 1 uit die jaar 1829 ens. Waarskynlik ten gevolge van die latere ontdekking van stukke tussen ander dokumente (d.i. nadat van die eerste dokumente reeds genommer was), is ook gebruik gemaak van letters om die chronologiese volgorde getrou te handhaaf. So word bv. R. 8/35 en en R. 8a/35 aangetref. Waar stukke in noue verband met mekaar gestaan het, is dikwels van die-

46. *Gecodificeerde Instructies*, C.B. 13/96.
47. U.R.B. 1891 art. 137.
48. *Gecodificeerde Instructies*, C.B. 46/81.
49. *Gecodificeerde Instructies*, C.B. 4/94.
50. Goldman: *op. cit.*, p. 2.
51. R. 11328a/89. (S.S. Band 2131.)
52. *Inventaris van die Argief van die amptenaar in bevel van die Transvaalse Argief 1902-1954*, p. i.

selfde nommer gebruik gemaak met toevoeging van die voorsetsel *ad;* so word R. 7/34 en *ad* R. 7/34 aangetref. Deur onduidelikheid van skrif is die chronologiese volgorde hier en daar versteur en stukke misplaas omdat die datum verkeerd gelees was.[53]

Hierdie eerste klompie dokumente wat in die Argief van die Kantoor van die Staatsekretaris berus, is dus *kunsmatig* van volgnommers voorsien en op 'n *kunsmatige wyse* tot die dokumente van die Kantoor toegevoeg. Vandaar dat die dokumenteneerslag oor die jare 1829-1900 strek.

Die twee amptenare wat in 1887 aangestel is om die dokumente van die Kantoor van die Staatsekretaris te orden, moes in alle waarskynlikheid hierdie werk met die oog op *inbinding* doen. In verslae van 1889 en 1891 het hulle oor hul vordering verslag gedoen: Alle dokumente was tot 1878 ingebind, die indekse was gesorteer tot 1884 en die huweliksertifikate wat hulle van die verskillende landdroste moes verkry, was ingesamel en gesorteer tot 1888.[54] In 1897 toe die werk gestaak is, was die korrespondensie vanaf 1829-1883 ingebind en die ontvange huweliksertifikate vanaf 1869-1894.[55] Gedurende hierdie periode het 'n amptenaar, W. T. S. Morkel, op eie inisiatief en in sy vrye tyd sommige van die registers oorgeskrywe omdat die so verweerd en vervalle was dat herinbinding onmoontlik skyn te gewees het.[56]

Dit is veral ook te danke aan die deurtastende maatreëls en instruksies van die Staatsekretaris, dr. W. J. Leyds, dat die orde in die administratiewe dokumente gedurende die laaste tien jaar van die Z.A.R. sterk verbeter het. Gedurende sy ampstermyn is daar in 1893 'n aanvang gemaak met die inspeksie van regeringskantore deur inspekteurs. Ook het hy 'n bewaarplek vir historiese dokumente en geskrifte soos Trichardt se dagboek, daargestel.

Sy opvolger, F. W. Reitz, het hierop voortgebou. In Februarie 1899 het hy 'n argivaris vir die Kantoor van die Staatsekretaris in die persoon van W. T. S. Morkel, aangestel. Morkel se taak het egter slegs die kontrole oor stukke komende, gaande en berustende in die kantoor omvat. Daar is vir hierdie dokumente brandvrye kamers ingerig.[57] Ander departemente het egter nog hul eie dokumente onder beheer gehad.[58]

Die Kantoor van die Staatsekretaris was dus vinnig besig om 'n eie argiefafdeling te ontwikkel toe hierdie vooruitgang deur die oorlog onderbreek is. Hierdie belangstelling van die Staatsekretaris in sy kantoor se rekords was nie sonder waarde nie. As gevolg daarvan het die algemene beheer van die rekords, en daarmee van die administrasie van die hoofregeringskantoor, verbeter en meer doeltreffend geword.

Mej. M. H. Buys.

53. *Voortrekker-Argiefstukke 1929-1849*, p. iii.
54. R. 11328a/89. (S.S. Band 2131.)
55. Goldman: *op. cit.*, p. 3.
56. R. 10295/94. (S.S. Band 4486.)
57. Goldman: *op. cit.*, p. 3.
58. *Inventaris van die Argief van die amptenaar in bevel van die Transvaalse Argief 1902-1954*, p. i.